Here, hoor ons huil.

Ons huil oor die land se hoof uitvoerende beampte, ons president, die korrupsie, die nepotisme en blatante persoonlike bevoordeling.

Ons huil oor ons rommelstatus in die ekonomiese wêreld.

Ons huil oor ons onvermoë om die armoede, werkloosheid en ongelykheid in ons land aan te spreek.

Ons huil oor die geweld en dat mense doodgemaak word vir R10, 'n selfoon en 'n skootrekenaar.

Ons huil oor elke vrou wat verkrag en kinders wat seksueel gemolesteer en misbruik word.

Ons huil oor mense wat nie besef hoe nodig ons U eintlik het, en nie die waarde van U kruisiging en opstanding besef nie.

Ons huil oor ons onvermoë om as kerk waarlik lig en sout te wees.

Ons huil oor mense wat hoop verloor het, bang, verward en onseker is.

Here hoor ons huil,

ons huil,

ons huil . . .

Amen